

Verbond in die Nuwe Testament

G.J.C. Jordaan, 2005

1. Wortels van die begrip "verbond".
2. Verbond in die Ou Testament.
3. Verbond in die Nuwe Testament.
 - 3.1 Christus en die vervulling van die verbond.
 - 3.2 Verbondsterme in die Nuwe Testament.
 - 3.3 Verbond en uitverkiesing.
 - 3.4 Ou en Nuwe Verbond.
4. Verbondsopenbaring in Christus se optrede
 - 4.1 Primêre verband tussen die Christus, koninkryk en verbond.
 - 4.2 Die wegbereider en die verbond
 - 4.3 Verbond en Jesus se geboorte-aankondiging en geboorte
 - 4.4 Jesus se prediking en die verbond
5. Die uitbreiding van die verbondsvolk (Handelinge)
 - 5.1 Belofte
 - 5.2 Uitstorting van die Heilige Gees
 - 5.3 Belofte en nageslag
 - 5.4 Die Nuwe-Testamentiese Godsvolk
6. Verbondsopenbaring by die voleinding (Openbaring)
 - 6.1 Die uitverkore Godsvolk in die voleinding
 - 6.2 God met ons.

1. WORTELS VAN DIE BEGRIP VERBOND

- 1.1 Die eerste verwysing na "verbond" in die Bybel word gevind in Gen. 6:18, waar God vir Noag sê: "Met jou sal Ek my verbond (Hebr. tyrb) oprig ... " (vgl. ook Gen. 9:9). Daarna volg die verbond (Hebr. tyrb) van die HERE met Abraham (Gen. 15:18; 17:2vv.; e.a.).
- 1.2 Die begrip "verbond" word as 'n reeds bekende begrip hanteer, sonder enige verdere verduideliking. Daarom kan met reg aanvaar word dat die HERE met die gebruik van hierdie woord aansluit by 'n benaming en begrip wat destyds reeds aan die mense bekend was.
- 1.3 In die Oosterse leefwêreld sien die begrip "verbond" in die reël op 'n ooreenkoms wat twee of meer partye met mekaar aangaan (vgl. bv. die verbond tussen koning Agab en Benhadad van Aram, 1 Kon. 20:34).
- 1.4 Ook die Assiriërs het die begrip "verbond" geken en aangedui met 'n woord wat etimologies verband hou met "boei" en "band". Daarmee word die element van binding reeds ten grondslag van die begrip gelê. In die Ou-Testamentiese leefwêreld was 'n verbond 'n ooreenkoms waardeur die betrokkenes soos met 'n boei onafskeidbaar aan of tot iets verbind was.
- 1.5 In Hebreeus hou die woord etimologies verband met 'n sny (vgl. ook die uitdrukking tyrb trk (= 'n verbond sny) wat in die Hebreeuse OT (bv. Gen. 15:18) gebruik word. Dit kom waarskynlik van die seremonie van verbondsluiting waarby 'n dier(e) in twee gesny is (Gen. 15:9-17). Dit bring na vore dat 'n verbond 'n plegtige karakter gedra het.
- 1.6 In Num. 18:19 (vgl. ook 2 Kron. 13:5) word die term *soutverbond* aangetref. Daarmee word die bederfwerende karakter van 'n verbond aangedui - dat dit duursaam is.
- 1.7 Wanneer in die Ou-Testamentiese leefwêreld die woord "verbond" gebruik is, sou per definisie die volgende inhoud daaraan gegee kon word (Aalders, 1939:26):

'n Verbond is 'n ooreenkoms,

 - *gesluit tussen twee partye,*
 - *waardeur tussen die partye 'n band gelê word*
 - *en waardeur hulle, teenoor mekaar op gelyke voet staande, wedersyds bepaalde verpligtinge op hulle neem;*
 - *voorts bevat 'n verbond 'n tweetal spesifieke elemente, waardeur van ander ooreenkomste onderskei word, nl. (1) 'n hegtheid wat gesimboliseer en gewaarborg word deur 'n plegtige seremonie; (2) 'n duursaamheid wat oor die geslagte heen strek.*

2. VERBOND IN DIE OU TESTAMENT

In die Ou Testament word die woord tyrb 283 keer gebruik, met verwysing na én verbonde van mense én die verbond van God. In die Ou Testament het die uitdrukking "my verbond" egter uitsluitlik betrekking op die verbond van God. God laat sy verbond direk aansluit by die bekende elemente van die destydse verbonde, maar terselfdertyd is daar die algeheel unieke aan sy verbond. Dit blyk uit 'n nadere besien van veral Gen. 15:5-21 en 17:1-15:

2.1 Die monopleuriese karakter van die verbond

- (1) > Gen. 17:2: *"En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou .. "*
> Gen. 15:18: *"Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit .. "*
God se verbond is dus inderdaad 'n verbond tussen 2 partye (God en Abraham), maar anders as 'n gewone verbond, is dit nie 'n ooreenkoms tussen 2 gelyke partye nie. God neem die inisiatief. Sy verbond gaan van Hom alleen uit. Na sy Goddelike goeddunke kom Hy en rig sy verbond op met Abraham. Sy verbond is dus monopleuries van aard.
- (2) Waarom rig God juis met Abraham en sy nageslag 'n monopleuriese verbond op? Die grond van die verbond is God se uitverkiesende genade.
> Gen. 15:7: *"Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee."*
> Gen. 17:2: *"Ek wil my verbond sluit tussen My en jou ... "*
Later, aan Israel, bevestig die HERE dat Hy uit louter genade teenoor hulle opgetree het. Eks. 19:4,5: *"Ek het julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring ... julle sal my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne."*
- 3) Hiermee verleen God 'n duidelike partikuliere karakter aan sy verbond. Dit is uitsluitlik op die volk Israel gerig; en alle ander nasies is daarvan uitgesluit.
- 4) Terselfdertyd stel God ook 'n meer universele karakter van sy verbond in vooruitsig. In Gen. 12:3 sê Hy aan Abraham: *"In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."* God se verbondseën reik dus via Abraham uit na al die geslagte (volke) op die aarde.

2.2 Die beloftes en eise van die verbond

In sy verbond belowe God sekere dinge en eis Hy ook sekere dinge:

2.2.1 Die verbondsbeloftes:

2.2.1.1 In sy verbond belowe God aan Abraham 'n nageslag:

- 1) 'n Groot nageslag:
> Gen. 17:2: *" Ek wil jou buitengewoon vermeerder .. "*
> Gen. 15:5: *"Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. So sal jou nageslag wees."*
- 2) 'n Nageslag wat volke sal omvat:
> Gen. 17:4: *"Jy sal die vader van 'n menigte van nasies word"* (ook 17:5,6).
- 3) 'n Koninklike nageslag:
> Gen. 17:6: *" .. en konings sal uit jou voortkom"* (vgl. ook 17:16).

2.2.1.2 God se verbondsbeloftes gaan egter baie ruimer as net 'n nageslag vir Abraham. In sy verbond stel Hy naamlik 'n baie besliste en bepaalde verband tussen tussen Hom en Abraham (saam met sy nageslag):

- 1) Hy belooft dat Hy vir Abraham en sy nageslag 'n God sal wees:
> Gen. 17:7: *" .. om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou"* (ook 17:8).

HIERDIE BELOFTE VORM DIE KERN VAN DIE VERBOND!

Dit is bewys van God se genade:

In die paradys het die mens die persoonlike gemeenskap met God nie na waarde geag nie en deur sy ongehoorsaamheid God verwerp. A.g.v. sy sonde sou die mens voortaan die persoonlike gemeenskap met God ontbeer en is hy uit die tuin waar hy moes woon, verdryf.

Maar in genade kom soek God die mens nou weer op en belowe aan Abraham en sy nageslag: Ek sal vir jou 'n God wees (Gen. 17:7)!

Die kern van die verbond is dat God in genade weer die gemeenskapsband tussen Hom en die mens herstel.

- 2) Hierdie verband wat God stel word verder in die Ou Testament soos volg geïllustreer: "*Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees*" (vgl. Lev. 26:12; Jer. 24:7; 31:33).

Met sy verbond stel God dus nie net Homself in 'n nuwe verhouding met die mens nie, maar ook die mens in 'n nuwe verhouding met Hom. Diegene aan wie Hy Hom verbind om vir hulle 'n God te wees, is op hulle beurt daartoe verbind om vir Hom 'n volk te wees. Aan Abraham en sy nageslag gee God dus saam met sy verbondsbelofte ook sy verbondseis:

> Gen. 17:9: "*Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou.*"

2.2.2 Die verbondseis en die teken van die verbond

Wat eis God in sy verbond van die mens? Wat moes Abraham en sy nageslag doen om die verbond te onderhou?

In Gen. 17:10 lyk dit of God se verbondseis bloot daarin bestaan het dat die kinders besny moes word: "*Dit is my verbond wat julle moet hou tussen my en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word*" - " (Gen. 17:10).

- 1) Uit 17:11 is dit egter duidelik dat God nie die besnydenis as blote betekenislose daad vereis het nie, maar geëis het dat dit as teken van die verbond aangebring word. Die besnydenis was dus 'n teken, onderpand, waarborg. Waarvan?

Dit was teken van God se **verbondsbeloftes**, by uitstek die belofte dat God sy volk van hulle sondes sou verlos. By die besnydenis is dan 'n deel van die menslike vlees weggesny, sinnebeeldig van die sondige vlees van die mens wat God sal wegsny (vgl. Kol. 2:11).

- 2) Die besnydenis sou Abraham en sy nageslag verder blywend daaraan herinner om op God se beloftes te vertrou. Geloofsvertroue was dus die geestelike kant van die besnydenis. En dit - die geloof - was die geestelike eis, die eintlike eis van die verbond. Die kern daarvan word gestel in Gen. 15:6: "*Abraham het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.*"

IN SY VERBOND EIS GOD DUS GELOOF! En dit bevestig Hy deur die besnydenis as verbondsteken. Die besnydenis was dus 'n teken, 'n blywende herinnering nie net aan God se verbondsbeloftes nie maar ook aan die bondeling se geloofspilg.

- 3) Wie dan die vleeslike besnydenis ontvang maar nie aan die geestelike verbondseis - geloof - voldoen nie, is 'n verbondsbreker. So iemand dra die verbondsteken as 'n getuie teen hom. Hy ontvang God se verbonds-wraak (Gen. 17:14).

2.3 Die bepaling van die verbond

- (1) Kragtens sy verbond verwek God uit Abraham se nageslag die volk Israel wat Hy, eweneens kragtens sy verbond, uit slawerny van Egipte verlos (Eks. 2:24). Hy lei die volk tot by die berg Sinaï, waar Hy sy verbond opnuut met hulle oprig. Hy sluit nie 'n ander verbond nie, maar herbevestig die verbond wat Hy met Abraham opgerig het (Eks. 6:2-4).
- (2) Terselfdertyd is daar voortgang in die verbondsopenbaring, want die verbond stel Israel nou as volk in 'n besondere verhouding met God. Eks. 6:6: "Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n God wees."
- (3) By Sinaï ontplooi die verbondsopenbaring nog verder. Die verbondseis van geloof word nou verbesonder in die verbondsbepalings van die wet (die Dekaloog). Die Tien Gebooe word dan ook genoem *die woorde van die verbond* (Eks. 34:28; Dt. 9:9,10: "*die tafels van die verbond*"). Die Dekaloog, en insgelyks die hele Mosaïese wetgewing, moet beskou word as die omskrywing van die verbondsbepalings wat God by Sinaï aan sy volk gegee het. Deur die bepaling van die verbond te gehoorsaam, sal Israel vir die HERE 'n "*koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees*" (Eks. 19:6).
- (4) In die verbondsbepalings van die Dekaloog is duidelik ingebou God se verbondsbelofte:

"*Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooië onderhou*" (Eks. 20:6), maar terselfdertyd die element van verbondswraak:

"*Ek, die HERE jou God, is 'n jalouse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat*" (Eks. 20:5).

De Vuist (1964:34) toon aan dat dit met gewoon menslike verbonde so is dat, indien die verbondsbepalings deur een van die partye oortree word (Jer. 34:18), die verbond in wese vernietig is (Jes. 33:8) en die troue party daardeur van sy bondspelig onthef word (Jos. 2:17,20; 2 Sam. 10:1-11). Dan verander die troue party se bondspelig na verbondswraak (vgl. Gen. 31:49,50; Amos 1:9), wat ook die nageslag van die skuldige party insluit (1 Sam. 20:8).

2.4 Die seremonies van die verbond

- (1) In Gen. 15:9-17 gee die HERE by die verbondsluiting aan Abraham opdrag om 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud bokkooi en 'n driejaaroud ram middeldeer te deel en die helftes teenoor mekaar te lê. Teen die aand het God soos 'n rokende oond en 'n vurige fakkel tussen dié stukke vleis deurbeweeg. Hierdie opdrag was aansluitend by destydse verbondsluiting-seremonies waardeur die binding van albei partye versinnebeeld is.
- (2) In Eks. 24:3-8 neem Moses die bloed van die offerdier en gooi die helfte teen die altaar uit en die ander helfte sprinkel hy oor die volk en sê: "*Dit is die bloed van die verbond wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde.*" Die besprenkeling met offerbloed kom in die plek van die deurgaang tussen die stukke vleis en versinnebeeld eweneens die binding van beide partye.
- (3) By destydse verbondsluitings was dit ook gebruikelik dat die partye saam 'n seremoniële verbondsmaaltyd eet (bv. Laban en Jakob in Gen. 31:44-46). Iets hiervan vind ons in die offermaaltye en by die pasga. Beide hierdie maaltye het ongetwyfeld te doen met die verbond, hoewel nie direk met die verbondsluiting self nie.
 - ⇒ Die verband van die OT offerseremonies met die verbond was dat dit heengewys het na versoening van die berouvolle sondeaar met God (Lev. 4:2; 5:6). Die daarmee gepaardgaande offermaaltyd (Lev. 7:14-16) het die gemeenskap van die offeraar met die offer versinnebeeld (vgl. 1 Kor. 10:18).
 - ⇒ Nog 'n seremoniële maaltyd wat met die verbond te doen het maar nie met die verbondsluiting as sodanig te doen het nie, is die Pasga. Die Pasga was 'n seremoniële maaltyd deur God ingestel om die volk aan sy groot verbondsdade te herinner. In 2 Kon 23:21 verbind Josia die pasga aan die verbond waar hy vir die volk sê: "*Hou die pasga vir die HERE julle God soos geskrywe is in hierdie verbondsboek.*"
- (4) Oor die besnydenis as verbondsteken is reeds hierbo gehandel. Dit was by uitstek 'n seremonie wat volgens die eis van God op die agtste dag na die geboorte van elke seuntjie aan hom aangebring moes word (Gen. 17:10,11).

Opvallend is die prominente plek wat bloed ontvang in elk van die seremonies van die verbond: 'n aantal diere middeldeer gesny, die besnydenis, die offers, offerbloed gesprinkel, die bloed van die Paaslam teen die deurkosenne.

2.5 Die duursaamheid van Gods verbond

- (1) Reeds in Gen. 17:7 kondig God aan dat die verbond wat Hy met Abraham sluit, 'n ewige verbond is. Ook aan Dawid word God se verbondsbefoorte bevestig as 'n ewige verbond (vgl. 2 Sam. 7:16,24).
- (2) Wanneer die bondsvolk van die Ou Testament egter die verbond verbreek, kom sy verbondswraak oor hulle. In genade spreek die HERE egter n die straf van herstel van sy verbond (Lev. 26; Eseg. 16:59). In Jos. 9:16vv. en 1 Kon. 2:36vv. word dit duidelik dat daar ook in 'n menslike verbond redes kan wees om uit die ou verbondsverhouding nuwe reëlings te tref en dat dit geskied met volledige handhawing van die verbond (vgl. Eseg. 16:59vv.).
- (3) Daarom getuig Jer. 31:31-33 daarvan dat God sy ewige verbond met die volk handhaaf, maar dit doen deur die inhoud daarvan nuut te maak:

"Daar kom dae, sê die HERE, dat Ek met die huis van Israel en met Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek in dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste skrywe en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." God handhaaf sy ewige verbond deur dit ná die verbondsbreuk nuut te maak.

2.6 God se verbond in vergelyking met destydse menslike verbonde

Destydse menslike verbonde	Die verbond van God
<ul style="list-style-type: none"> ▪ 'n Ooreenkoms tussen twee partye. ▪ Die partye staan op gelyke voet. ▪ Onderneem wedersydse verpligtinge. ▪ Plegtige seremonies ter bevestiging. ▪ Tydsduur in verbond vasgelê: tydelik. ▪ Indien bondsbreuk, bondswraak. ▪ Verbond herstel deur hernuwing. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ God sluit sy verbond (monopleuries) met die mens. ▪ God en die mens nie op gelyke voet nie. ▪ <u>God belowe</u>: land, nageslag, en om vir hulle 'n God te wees; ▪ <u>God eis</u>: dat hulle sy volk sal wees, geloofsgehoorsaamheid. ▪ Plegtige seremonies ter bevestiging. ▪ Tydsduur in verbond vasgelê: ewig! ▪ Indien bondsbreuk, bondswraak. ▪ Verbond herstel deur vernuwing: die nuwe verbond.

2.7 Verbond en διαθήκη in die LXX

2.7.1 In die LXX word tyrb feitlik konsekwent vertaal met die Griekse διαθήκη. Dit is opvallend, want διαθήκη is in die Hellenistiese wêreld primêr gebruik met verwysing na 'n testament, d.w.s. 'n mens se laaste wilsbesikking oor sy besittings, wat ná sy dood in werking in werking tree. Op die oog af lyk dit na 'n minder goeie vertaling, aangesien die Griekse woord συθήκη eerder na 'n bilaterale ooreenkoms tussen twee persone verwys. Staerk (vgl. Aalders 1939:41) toon egter aan dat διαθήκη 'n baie gepaste vertaling is, aangesien dit juis die fokus van 'n bilaterale ooreenkoms verskuif na 'n "eensydige wilsbeslissing" (soos by 'n testament). Die woord διαθήκη lê dus baie sterker klem op die monopleuriese karakter van die verbond as wat dit met die Hebreeuse woord tyrb die geval is.

2.7.2 Die Nuwe Testament het die LXX-woordkeuse van διαθήκη oorgeneem.

- 1) Daar is sommige plekke in die Nuwe Testament waar διαθήκη beslis met *verbond* vertaal moet word, bv. Lk 1:72 en Hb. 8:8-10.
- 2) Daar is ook plekke waar dit nie op *verbond* nie maar ongetwyfeld op 'n *testament* dui, bv. Gl. 3:15 en Heb 9:16-17.
- 3) In 2 Kor. 3:14 kom 'n heel unieke gebruik van die woord voor. Dit verwys nóg na die verbond nóg na 'n testament, maar na 'n bundel Geskrifte wat toenmalig die Heilige Skrif gevorm het. Die bundel word hier genoem παλαιάς διαθήκης, d.w.s. "die Ou Testament", die naam wat by ons in gebruik is. Waarskynlik vind hierdie benaming plaas na analogie van "die verbondsboek" van 2 Kron. 34:30, waarmee waarskynlik na die Pentateug verwys is.

3. VERBOND IN DIE NUWE TESTAMENT

Teenoor die veelvuldige verwysings na die verbond wat ons in die Ou Testament aantref, word daar maar selde in die Nuwe Testament uitdruklik na die verbond verwys. Die woord διαθήκη kom in geheel slegs 33 keer in die Nuwe Testament voor. Dit beteken egter allermens dat die verbond in die Nuwe Testament enigsins minder belangrik is. Intendeel: die boodskap van die Nuwe Testament is ongetwyfeld ten nouste betrokke by die verbond van God.

Soos hierbo aangedui, word die woord διαθήκη in die Nuwe Testamentiese boeke nie orals in dieselfde betekenis gebruik nie. Die 33 gebruike is soos volg:

4 keer met verwysing na 'n menslike testament:

- > Gal 3:15 " .. 'n mens se testament .. "
- > Heb 9:16,17 "Waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; want 'n testament is geldig by sterfgevallen, aangesien dit nie van krag is solank die testamentmaker nog leef nie."

3 keer met verwysing na die verbond van God met Israel:

- > Hd 3:25 "Julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het .. "
- > Hd 7:8 "Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee .. " (Stefanus se toespraak voor die Joodse Raad).
- > Rm 9:4 "Hulle is Israëliete aan wie die aanneming tot kinders behoort .. en die verbonde .. "

9 keer word verbond direk aan Jesus Christus verbind:

- > Lk 1:72 " .. om barmhartigheid te bewys aan sy vaders en aan sy heilige verbond te dink .. " (Lofsang van Sagaria).
- > Matt 26:28; Mk 14:24; Lk 22:20; 1 Kor 11:25 " .. my bloed van die verbond/nuwe verbond in my bloed .. " (met verwysing na die die nagmaalsbeker).
- > Rm 11:27 " .. Die Verlosser sal uit Sion kom .. en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem .. "
- > Gal 3:17 " .. die verbond wat God tevore in Christus bekragtigt het .. "
- > Heb 13:20 " .. God het ons Here Jesus Christus deur die bloed van die ewige verbond uit die dode teruggebring .. "
- > Opb 11:19 " .. sy ark van die verbond is in die tempel gesien .. " (by die aanbreek van die Koningsheerskappy van Christus).

17 keer waar die nuwe verbond die ou verbond gekontrasteer word:

- > 2 Kor 3:6,14 " .. bedienaars van 'n nuwe verbond .. " en " .. die Ou Testament .. "
- > Gal 4:24 " .. dié vroue (Sara en Hagar) staan vir twee verbonde .. "
- > Heb 7:22; 8:6,8,9,9,10; 9:4,4,15,15,20; 10:16,29; 12:24 (14 keer) "beter"/ "nuwe"/"tweede" verbond in kontras met die "eerste"/ "ou" verbond.

Hieruit is dit duidelik dat διαθήκη in die Nuwe Testament merendeels gebruik word om die verhouding tussen die ou en die nuwe verbond uit te spel. Daarby word dit herhaaldelik direk aan die persoon van Jesus Christus verbind. Hieruit kan afgelei word dat die studie van die verbond in die Nuwe Testament waarskynlik as invalshoek moet hê die verhouding tussen die ou en nuwe verbond, en meer spesifiek die plek wat Christus in die verbond beklee.

3.1 Die verhouding tussen die ou en die nuwe verbond

Reeds in Jer. 31:31 is vooruitgewys na 'n nuwe verbond wat die HERE sal gee, 'n verbond wat anders sal wees as die oue. Oor die nuwe verbond word daar in Nuwe Testament op slegs drie plekke gehandel, nl. by die instelling van die Nagmaal (Lk 22:20; 1 Kor 11:25), in 2 Kor 3:6 en in Heb 7-10 (in laasgenoemde by herhaling).

By die instelling van die nagmaal noem Jesus die beker wat Hy aan sy dissipels gee "die nuwe verbond in my bloed wat vir julle uitgestort word", sonder enige verwysing na die ou verbond. In 2 Kor 3:4-4:6 en in Heb 7-10 egter word daar 'n duidelike en direkte (en in elke geval 'n uiters belangrike!) teenstelling tussen die ou en die nuwe verbond gestel. In afdeling 2 hierbo het ons reeds die Ou-Testamentiese gegewens oor die (ou) verbond nagegaan. Dus nogmaals: By ons studie van die verbond in die Nuwe Testament pas dit dan dat ons juis op hierdie punt begin: die verhouding van die oue tot die nuwe.

3.1.1 2 Korintiërs 3:4 - 4:6

In 2 Kor 3:6 verwys die apostel Paulus na homself as 'n "*dienaar van die nuwe verbond*" (διακόνος καινήs διαθήκης) en verduidelik dan hoe die bediening van die nuwe verbond verskil van die bediening van die oue. L.W.: Paulus kontrasteer nie soseer die ou verbond en die nuwe verbond nie, maar wel die bediening (διακονία) van die ou verbond en die bediening (διακονία) van die nuwe verbond. Διακονία dui hier op die prediking. Die wyse waarop die ou verbond verkondig is, verskil dus van die wyse van verkondiging van die nuwe verbond.

In opsomming sien die verskille soos volg daar uit (2 Kor 3:6-11):

Bediening van die ou verbond	Bediening van die nuwe verbond
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Bediening van die letter (v.6) ▪ Die letter maak dood (v.6) ▪ Bediening van die dood (v.7) ▪ Bediening wat veroordeel (v.9) ▪ 'n Bediening in heerlijkheid (v.9) ▪ 'n Bediening wat moes vergaan (v.7,11) 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Bediening van die gees (v.6) ▪ Die gees maak lewend (v.6) ▪ Bediening van die Gees (v.8) ▪ Bediening wat regverdig maak (v.9) ▪ 'n Bed. oorfloediger in heerlijkheid (v.8,9) ▪ 'n Bediening wat moet bly (v.11)

(1) *In heerlijkheid - in oorfloediger heerlijkheid*

Opvallend is dat van die bediening van die ou verbond herhaaldelik gesê word dat dit in heerlijkheid (ἐν δόξει) was (vv. 7,9,10,11)¹. Hieruit is dit duidelik dat die apostel nie die ou verbond in enige opsig minag of verwerp nie. Die verbond wat God met Abraham opgerig het (met die beloftes van 'n nageslag en 'n land) en wat Hy met die wet aan Moses bekragtig het (verlossing uit Egipte, die bepaling van die wet) en wat bedien is volgens die seremonies van die verbond (die offers, die besnydenis, ens.) was komende van God en was dus in heerlijkheid.

Dit het ook heerlijkheid gehad daarin dat dit heenwysend was na 'n nog groter en oorfloediger heerlijkheid, 'n heerlijkheid wat in die nuwe verbond gestalte gevind het. Maar toe die heerlijkheid waarna dit heengewys het in vervulling gegaan het, het die bediening van die ou verbond tot 'n einde gekom. Dit moes vergaan, skryf Paulus in vv.7,11. Die bediening van die ou verbond was, vanweë sy heenwysende funksie, deur God verheerlik, en derhalwe alles behalwe verwerplik. Nogtans was dit tydelik, want dit het met die verskyning van die nuwe verbond tot 'n einde gekom.

(2) *Bediening van die Jode vs. bediening van die Gees*

Maar wat wel verwerp moet word, is die bediening van die ou verbond soos dit uiteindelik by die Jode praktyk geword het. Die ellende met die Jode en hulle godsdienstige leiers was dat hulle nie die Gees se bedoeling met die bediening van die ou verbond begryp het nie. Hulle het nie die heenwysende karakter daarvan gesnap nie. Hulle het hulle teen die bediening van die ou verbond blindgestaar asof dit die volle heerlijkheid van die verbond was. Die gevolg was dat hulle die bepalinge en die seremonies van die ou verbond bedien het asof dit 'n doel op sigself was. Hierdie wyse van bediening van die ou verbond moet verwerp word.

Die Jode het immers die ou verbond volgens die letter (v.6) bedien, asof die letterlike nakoming van die verbondsbepalinge tot saligheid dien. So 'n bediening lei egter nie tot die lewe nie maar tot die dood (v.6)². Daarom is dit 'n bediening van die dood (v.7) en nie 'n bediening van die Gees nie (v.8). Die bediening van die wet as weg tot saligheid laat die mens uiteindelik veroordeeld staan

¹ In vers 7 sonder Paulus een aspek van die verheerliking van die ou verbond uit, nl. dat Moses sy gesig moes bedek sodat die volk nie na sy verheerlikte gesig kon kyk nie. Paulus doen dit omdat hy in vers 14vv. sinnebeeldig oor die bedekking wil praat.

² "Die letter maak dood, maar die gees maak lewend" in vers 6 bedoel nie om die geskrewe woord en die Heilige Gees teenoor mekaar te stel, soos dikwels in charismatiese kringe (met 'n beroep op hierdie teks) gebeur nie. Wat Paulus kennelik bedoel, is: Die letter van die wet maak dood as dit by die letter bly. En by die Jode het dit letter gebly. Hulle het daarvan 'n blote optelsom van gebooe gemaak en gereken om daarmee hulle saligheid te verdien. Maar die "gees", d.i. die bedoeling van die wet (vgl. Rom 8:2) - as tugmeester na Christus toe (vgl. Gal 3:24) - lei tot die lewe.

voor God (v.9), maar die eintlike bedoeling van die verbondsbepalings (soos dit deur die Gees bedien word) is om die mens te lei na Hom toe wat waaragtig regverdig maak (v.9).

(3) Die rede vir die Jode se geestelike blindheid

In 3:14-4:4 gee Paulus die rede vir die Jode se geestelike blindheid aan. Hulle sinne (νοήματα) was verhard (3:14) en verblind (4:4). Soos Moses se gesig na die wetgewing op Sinaï bedek was sodat hulle nie sy verheerlikte gelaat kon sien nie, sê Paulus in 3:15, so is daar nou 'n bedekking (κάλυμμα) oor die Jode se hart sodat hulle nie die ware heerlijkheid van die ou verbond kan sien nie.

Waarom neem God dan nie die bedekking van hulle harte weg nie? Omdat dit nie God se skuld is dat hulle blind is nie. In 4:4 sê Paulus dat die ongelowiges se sinne verblind is deur die god van hierdie wêreld, d.w.s. deur Satan, sodat die verligting van die heerlijkheid van die evangelie van Christus op hulle nie sou skyn nie. Dit is Satan se spesialiteit om blind te maak. Die mens wat Satan agteraloo, het dus net sy eie sondige onbekeerlikheid te blameer daarvoor dat die bedekking van sy hart nie opgelig (ἀνακαλυπτόμενον) word nie (3:14).

(4) Christus die eintlike heerlijkheid waarop die bediening van die verbond wys

Hoe word die bedekking van die hart/verstand weggeneem? In 3:14 skryf die apostel: *"In Christus word die bedekking vernietig"* (1983-vert.: *"Die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo"*). Ter bevestiging hiervan gee Paulus 'n ietwat aangepaste aanhaling uit Eks 34:34: *"Maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem"*³.

Nog duideliker stel hy dit in 4:4 waar hy praat van *"die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is"* (τοῦ εὐαγγελίου τῆς δόξης τοῦ Χριστοῦ, ὃς ἐστὶν εἰκὼν τοῦ θεοῦ). Die mens se hart en verstand word verlig deur die evangelie, die blye boodskap. Die blye boodskap waarvan? Van die heerlijkheid van Christus. Watter heerlijkheid besit Christus? Sy heerlijkheid bestaan daarin dat Hy per slot van rekening die beeld van God is. Niemand kan God, die Onsienlike, sien nie. Maar ons sien iets van God se heerlijkheid in die vleesgeworde Woord. Wie Christus sien, sien die Vader (Joh. 14:7,9). Anders as in die ou verbond, toe die mens met bedekte gesig voor die heerlijkheid van God moes staan, kan die mens nou met onbedekte gelaat in Christus die heerlijkheid van God aanskou.

Christus is dus die allesoortreffende heerlijkheid waarop reeds die bediening van die ou verbond heengewys het. Die bediening van die nuwe verbond kan egter uiteindelik verkondig dat die sluier weggeneem is: **Jesus Christus - Hy is die ware openbaring van die heerlijkheid van God.**

(5) Samevattend oor 2 Korintiërs 3:6-4:4

Samevattend blyk dit uit 2 Kor 3:6 - 4:4 dat Jesus Christus die middelpunt van die bediening van die verbond is - die oue en die nuwe:

- ⇒ Die gees (die bedoeling) van die bediening van die ou verbond was reeds om heen te wys na die heerlijkheid van God wat in Christus geopenbaar sou word. In Christus as sy beeld het God Homself geopenbaar. Vgl. Heb 1:1: "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun."
- ⇒ Die bediening van die nuwe verbond, daarenteen, is 'n direkte proklamering van die heerlijkheid van God in sy Seun, Jesus Christus.

³ Eks 34:34: "Maar as Moses voor die aangesig van die HERE kom om met Hom te spreek, neem hy die sluier weg, totdat hy uitgaan."

Die verhouding tussen die ou en die nuwe verbond is dus nie dié van twee teenoorstaande verbonde nie, selfs nie eens twee verbonde nie, maar dit is een en dieselfde verbond, waarvan God twee verskillende bedienings gegee het. Die eerste bediening was beperk in heerlijkheid, omdat dit bloot heenwysend was na die heerlijkheid wat sou kom, die heerlijkheid van Christus. Die eerste bediening was ook van verbygaande aard, want dit het tot 'n einde gekom toe die bediening van Christus aangebreek het. Die tweede bediening is dan die volle bediening van die lewendmakende en regverdigmakende heerlijkheid van Jesus Christus.

Wie egter, soos die Jode, blind is vir die Gees se bedoeling met die verbond, bly vassteek by die uiterlike bediening van die ou verbond. Die wet en die seremonies van die ou verbond word dan onderhou asof dit op sigself tot saligheid kan dien. So 'n bediening van die verbond is 'n bediening van die letter wat dood maak en veroordeel. Dit word die bediening van die dood. So het die Jode dan in werklikheid 'n ander verbond bedien as die verbond wat God hulle beveel het om te bedien, en daarom ook 'n ander verbond as wat die apostels bedien het. Hulle het dus daarvan gemaak: die bediening van twee verskillende verbonde!

3.1.2 Hebreërs 7 - 10

Sentraal in Hebreërs 7 - 10 is die perikoop 8:1-6. In hierdie perikoop word weer, soos in 2 Kor 3, die kontras gestel nie tussen twee verbonde nie maar tussen twee bedienings van die verbond. Daar is egter belangrike verskille tussen 2 Kor 3 en Heb 7 - 10:

- i. Waar 2 Kor 3 die bediening aandui met die woord *διακομία*, gebruik Heb 8 die woord *λειτουργία* (v. 6). Deur *διακομία* te gebruik, het 2 Kor 3 *die bediening van die woord* in die oog (vgl. 3.1.1 hierbo); Met *λειτουργία* het Heb 7 - 10 eerder *die priesterlike dienswerk* in die oog.
- ii. Waar dit in 2 Kor 3 gaan oor die verskil tussen die (Woord-)bediening van die apostels en dié van die Joodse leiers, gaan dit in Heb 7 - 10 oor die verskil tussen die liturgiese diens van die Levitiese priesters en die dienswerk van Christus. Hebreërs 8:1-6 staan juis binne die breër raamwerk van die Hoëpriesterskap van Jesus Christus: In Heb 7 het dit gegaan oor die Hoëpriesterlike amp wat Jesus Christus beklee - nie volgens die orde (*τάξις*) van Aäron nie (7:11) maar volgens die orde (*τάξις*) van Melgisedek (7:17); in 8:1-6 verskuif die aandag vanaf *amp* na *dienswerk* (*λειτουργία*).
- iii. In 2 Kor 3 het ons gesien dat die kontras nie soseer tussen die ou en die nuwe verbond is nie, maar tussen die *bediening* van die ou verbond (of dan: wat die Jode van die ou verbond gemaak het) en die *bediening* van die nuwe verbond. In Heb 7 -10 word die sluier nog verder gelig: Dit gaan nie oor die bediening van twee verbonde nie, maar oor twee bedienings van dieselfde verbond: die ou bediening van die verbond en die nuwe bediening van die verbond.

(1) *Priesterlike dienswerk van ou verbond vergeleke met die dienswerk van Christus*

In 8:1-6 word die Hoëpriesterlike dienswerk van Christus dan vergelyk dienswerk van die priesters in die ou verbond. Hierin neem 8:6 'n sentrale plek in:

ὡς δὲ διαφορώτερος τέτυχεν λειτουργίας,
ὅσω καὶ κρείττονός ἐστιν διαθήκης μεσίτης,
ἥτις ἐπὶ κρείττοσιν ἐπαγγελίαις νενομοθέτηται.

(Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry,
vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond ...
wat op beter beloftes wettelik gegrond is.)

Die *ὡς δὲ* aan die begin van vers 6 is sowel logies as temporeel - inderwaarheid 'n openbaringshistoriese *ὡς δὲ*, wat die verskil tussen die ou bedeling en die nuwe bedeling na vore bring. Die verskil tussen toe (in die ou bedeling) en nou (in die nuwe bedeling) is reeds in 8:1-5 uiteengesit:

- In die ou bedeling is die priesterlike dienswerk op aarde (*ἐπὶ γῆς*) verrig (v.4);
Maar nou word dit in die hemele (*ἐν τοῖς οὐρανοῖς*) verrig (v.1).

- In die ou bedeling het die priesters 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien (ὑποδείγματι καὶ σκιᾷ λατρεύουσιν τῶν ἐπουρανίων, v.6); Maar nou is Christus 'n Bedienaar van die ware tabernakel (λειτουργὸς τῆς σκηνηῆς τῆς ἀληθινῆς, v.1).

Hiermee word 'n verskil van sowel die *plek* as die *kwaliteit* van die priesterdiens van die ou na die nuwe bedeling na vore gebring. Eersgenoemde was 'n aardse dienswerk; laasgenoemde is 'n hemelse. Eersgenoemde was 'n afbeeldsel en skaduwee van die werklikheid; laasgenoemde is die werklikheid self.

(2) Skaduwee en werklikheid

De Vuyst (1964:97) waarsku dat die skadu-werklikheid-beeld van Kol 2:17 nie te maklik direk op die skadu-werklikheid-beeld van Heb 8:6 oorgeplaas moet word nie. In Kol 2:17 gebruik Paulus die beeld om die horisontale lyn van historiese ontplooiing te verduidelik: die skaduwee is die vae buitelyne wat die komende werklikheid voor sigself in die tyd gegooi het en waaraan dit vooruit reeds kenbaar was. In Heb 8:6 is die skaduwee-werklikheid-beeld ruimer. Dit verbind nie verlede en toekoms nie, maar hemel en aarde: die skadu is nie van 'n komende werklikheid nie maar van 'n werklikheid daarbo; dit is nie 'n skaduwee wat vooruit gegooi word nie, maar wat ondertoe gegooi word.

Hierdie verhouding word bevestig deur die woorde ὑποδείγμα en τύπον in vers 5. Die implikasies hiervan is dat die ou verbond nie net prefiguratief van die komende dinge van die nuwe verbond was nie. Die bediening van die ou verbond was 'n weerspieëling van 'n hemelse werklikheid *wat toe al bestaan het* maar wat God bestem het om eers in die volheid van die tyd in die nuwe verbond voluit op aarde geopenbaar te word.

Hiermee word terselfdertyd die armoede en die rykdom van die ou verbond geopenbaar: Die armoede daarvan is dat dit, anders as die nuwe, net maar 'n skaduwee van die hemelse werklikheid was; die rykdom daarvan is dat dit inderdaad *van die hemelse werklikheid* 'n skaduwee was.

Wat was dan die skaduwee, en wat die hemelse werklikheid? Heb 8:1-6 vermeld twee afskaduwings van die ou verbond, nl.

- a. die tabernakel wat Moses opgerig het (8:5) as afskaduwing van die ware tabernakel (8:2);
- b. die gawes en offers wat die hoëpriesters moes bring, as afskaduwing van die offer wat Christus moes offer (8:3,4).

Hierdie twee afskaduwings en die hemelse werklikheid waarna beide verwys, word dan verder in Heb 8-10 bespreek.

(3) Die aardse tabernakel was 'n afskaduwing van die hemelse

Heb 8:5 verwys na die opdrag van die Here aan Moses om alles in die tabernakel te maak volgens die voorbeeld wat God op die berg aan hom gewys het. In 9:2-5 word hierop ietwat uitgebrei, maar dan sê die skrywer van Hebreërs self dat die ruimte ontbreek om daarop verder uit te brei. Die tabernakel het gedien as simbool van God se teenwoordigheid in die midde van die volk (vgl. Eks 40:33-35: "So het Moses dan die werk voltooi. Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlijkheid van die HERE het die tabernakel vervul, sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die wolk daarop gerus en die heerlijkheid van die HERE die tabernakel vervul het."

In aansluiting hierby lees ons Heb 9:24: "Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God te verskyn." Die tabernakel wat Moses moes oprig, was dus 'n afskaduwing van dit wat God van die begin af in sy verbond met Abraham onderneem het: "Ek sal vir jou 'n God wees." God is bly sy volk. *Immanuel*. In Christus het hierdie skadubeeld uiteindelik vervulling gevind: God het in

Hom na sy volk teruggekeer. Christus is die ware Immanuel - God met ons. Met die werklikheid van Christus by ons, het die tabernakel nou die nut wat dit in die ou verbond gehad het, uitgedien (Heb 9:8).

(4) Die offers wat die priesters gebring het 'n afskaduwing van die hemelse

Sodat God weer, na die verwydering wat die sondeval teweeggebring het, terugkeer om in die midde van sy volk te woon, is versoening nodig. Geen terugkeer sonder versoening nie. In die ou verbond het die Here op heel praktiese en aanskoulike wyse getoon dat die versoening in werklikheid bestaan. Dit het Hy gedoen deur die instelling van die offerdiens.

In 8:3 lees ons dat elke hoëpriester aangestel was om gawes en offers te bring. Vanaf 9:6 word dan verder op die hoëpriesterlike offerdiens uitgebrei:

- ❖ Onbloedige en bloedige offers is gereeld in die tabernakel gebring, die bloedige offers een maal per jaar, wanneer die hoëpriester in die allerheiligste deel van die tabernakel ingegaan het om 'n bloedige offer te bring vir die sondes van die volk (9:6,7).
- ❖ Hy moes dan die bloed van die offerdiere oor die sondaars sprinkel as simbool van hulle reiniging van sondes (9:13).
- ❖ Die bloed was noodsaaklik, want sonder bloedvergieting kan daar geen versoening plaasvind nie (9:16-22).
- ❖ Die bloed van die offerdiere kan egter onmoontlik die sonde wegneem; daarom moet daar jaar na jaar weer geoffer word (9:23; 10:3,4).

Die offers van die ou verbond was egter net 'n skadubeeld van die ewige verlossing wat Christus teweeggebring het (9:11). Die werklikheid van Christus se verlossingswerk verskil van die skadubeeld in die volgende:

- ❖ Christus het nie in die aardse tabernakel ingegaan nie maar in die hemelse heiligdom om vir ons voor die aangesig van God te verskyn (9:11,24).
- ❖ Christus het nie diere-offers gebring nie maar het Homself geoffer (9:12,14).
- ❖ Die bloed van Christus reinig ons van sondes en maak ons heilig voor God (9:14).
- ❖ Christus se eenmalige offer was genoegsaam om die sondes van baie weg te neem; geen herhaling van sy offer is nodig nie (9:25 - 10:4).

(5) Voortrefliker bediening

In die lig van bogenoemde is dit duidelik waarom die skrywer van Hebreërs in 8:6 dat Christus 'n voortrefliker bediening (*διαφορωτέρας λειτουργίας*) ontvang het. Openbaringshistories gesien, is sy dienswerk as Hoëpriester by verre voortrefliker as dié van die priesters van die ou verbond, aangesien hulle dienswerk afskaduwend was van die werklikheid van sy allesoortreffende dienswerk.

In die Ou-Testamentiese liturgie moes die verbondsvolk kon sien dat God, volgens sy belofte, sy bondsvolk van hulle sondes verlos deur die bloed van die Offer wat Hy eenmaal en eenmalig in die tyd sou voorsien. Hulle moes ook daarin kon sien dat die Here, die God van die verbond, volgens sy belofte, persoonlik in die midde van sy bondsvolk teenwoordig is en gemeenskap met hulle beoefen - iets wat slegs deur die versoeningswerk van Christus moontlik gemaak is.

(6) Middelaar van 'n beter verbond

Die verwysing na Christus as μεσίτης (Middelaar) kom net 6 x in die Nuwe Testament voor, nl. Gal 3:19,20, 1 Tim 2:5 en dan 3 x in Hebreërs. In Hebreërs word vind ons dit telkens in die uitdrukking Middelaar van 'n beter verbond (*κρείττονος διαθήκης μεσίτης*, 8:6) of Middelaar van die nuwe verbond (*καίνης διαθήκης μεσίτης*, 9:15; 12:24).

In die Ou Testament het Moses gedien as middelaar, as tussenpersoon, tussen God en die mense (vgl. Gal 3:9). So ook die hoëpriester wat vir die volk die offer voor God moes bring (vgl. Heb 9:7). Maar Christus is die volmaakte Middelaar omdat Hy as Hoëpriester die volmaakte en finale soenoffer vir ons sondes gebring het (9:11vv.). Hy is by uitstek die Middelaar van die verbond omdat Hy deur sy volmaakte offer versoening tussen God en mense teweegbring – blywende vrede tussen hulle stig. Gegrand op en gewaarborg deur sy Middelaarswerk, verkry die nuwe verbond sy regskrag en bereik dit sy doel.

Dit is opvallend dat 8:6 inhoudelik feitlik die spieëlbeeld is van 7:21,22.

- In 7:21,22 hoor ons: Soveel voortrefliker as wat Christus se Hoëpriesterlike amp bo dié van die Leviete is, soveel voortrefliker is die nuwe verbond as die oue.
- In 8:6 hoor ons: Soveel voortrefliker as wat die nuwe verbond bo die oue is, soveel voortrefliker is die priesterlike diens werk van Christus as dié van die Leviete.

Daar is dus 'n besliste verband tussen die voortreflike dienswerk van Christus en die voortreflikheid van die nuwe verbond wat Hy bedien: Die nuwe verbond is beter as die ou verbond daarin dat dit, anders as die oue, in die dienswerk van die volmaakte Hoëpriester en Middelaar berus. Anders as die Levitiese middelaarswerk in die ou verbond, bring Christus se Middelaarswerk in die nuwe verbond die volkome en blywende gemeenskap tussen die Here en sy volk tot stand.

(7) *Op beter beloftes wettig gegrond*

Die werkwoord νομοθετέω, wat hier in die perf. passief gebruik word, beteken gewoonlik: 1) wette maak; 2) wetlik reël. In 8:6 dui dit daarop dat God sy nuwe verbond as wettig en bindend verorden. Dit doen Hy ἐπὶ κρείττοσιν ἐπαγγελίας, d.w.s. "op grond van beter beloftes". Daarmee word die fundering van die nuwe verbond gestel.

Die κρείττοσιν ἐπαγγελίας in 8:6 dui egter nie op "beter beloftes" in dié sin dat God ander beloftes in sy nuwe verbond onderneem as wat Hy in die ou verbond gedoen het nie. Dit is steeds dieselfde beloftes dat Hy versoening met sy volk sal bewerk en persoonlik met hulle verbondsgemeenskap sal beoefen. Hierdie beloftes is egter nou kragtiger (κρείττοσιν) as in die ou bedeling, aangesien die verbonds-instrumente wat Hy toe voorsien het, as afskaduwings gefunksioneer het en geen volkome en blywende verbondsgemeenskap tussen die Here en sy volk kon bewerk nie. Die Middelaar van die nuwe verbond het egter die beloftes van die verbond des te kragtiger gemaak.

Verder moet in gedagte gehou word dat die verbondsbeloftes nie net God se beloftes reël nie maar ook die verbondspilte van die Nuwe-Testamentiese Godsvolk; ook, in die geval van bondsbreuk, reël dit God se verbondswraak - net soos in die ou verbond. Ook hierdie verbondsbepalings is in die nuwe verbond des te kragtiger as in die ou verbond.

(8) *"Die eerste en die tweede ..."*

In Heb 8:7 e.v. word daar by herhaling 'n teenstelling tussen "die eerste .." en "die tweede .." gestel. Op die oog af lyk dit telkemale na 'n teenstelling tussen 'n eerste verbond en 'n tweede verbond. In die lig van 8:1-6 word dit egter duidelik dat die teenstelling bestaan tussen 'n eerste en 'n tweede bediening van die verbond:

- i. Vers 7: "*Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie*" (εἰ γὰρ ἡ πρώτη ἐκείνη ἦν ἀμεμπτος, οὐκ ἂν δευτέρας ἐζητεῖτο τόπος). God se verbond is onberispelik, maar die eerste bediening daarvan was nie onberispelik nie. Trouens, soos uit die daaropvolgende aanhaling uit Jer. 31:31 blyk, het Israel die eerste bediening van die verbond wat God gegee het, so verwing dat bitter min van God se verbond daarin oorgebly het. Hulle het in werklikheid die verbond verontagsaam. Daarom het God besluit om sy verbond nuut te maak. Die nuwe verbond wat God gegee het, is nie 'n διαθήκη νέα ('n splinternuwe, m.a.w. 'n ander verbond) nie, maar dit is 'n διαθήκη καινή ('n nuutgemaakte verbond, 8:8).

Dat dit nie 'n ander verbond is nie, maar steeds dieselfde, blyk uit 8:10:

- In die nuwe verbond sal God se wette in hulle verstand en op hulle hart geskrywe staan. Dit is in werklikheid 'n herbevestiging van die bedoeling van die ou verbond (vgl. Deut 6:6).
- Die kernbepaling van die nuwe verbond is presies identies aan dié van die oue: "Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees" (vgl. Lev. 26:12).

Hieruit blyk dat die ou verbond nie verdwyn het nie. God het dit nuut gemaak. Hoe het Hy dit gedoen? In Heb 9 en 10 word verduidelik: deur die volkome en volmaakte Bedienaar en Middelaar van die verbond te stuur: Jesus Christus!

- ii. Vers 13: "As Hy sê 'n nuwe', het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning" (ἐν τῷ λέγειν Καινὴν πεπαλαίωκεν τὴν πρώτην· τὸ δὲ παλαιούμενον καὶ γηράσκον ἐγγὺς ἀφαισμοῦ). Uit hierdie vers is dit duidelik dat die "eerste" waarna hy verwys, iets is wat tot 'n einde kom. Ons het reeds gesien dat God se verbond ewig is en dat dit met die koms van die nuwe verbond nuut (καινή) gemaak word en nie tot niet gaan nie. Die "eerste" van 8:13 kan dus nie na die ou verbond verwys nie. Dit verwys egter na die eerste bediening van die verbond. Dié is wel verouderd en verdwyn.
- iii. 9:1: "die eerste het dan sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad" (εἶχε μὲν οὖν [καὶ] ἡ πρώτη δικαιώματα λατρείας τὸ τε ἅγιον κοσμικόν). Hiermee word ge-wys waarin die eerste in werklikheid van die tweede verskil: in die verordeninge vir die erediens en ook die feit dat dit om 'n aardse heiligdom beoefen is. Die verordening van die erediens (die bepaalde voedsel en drank en wassing en veral offers, vgl. 9:9,10) soos dit om die aardse heiligdom (in die tabernakel)⁴ beoefen is, was die λειτουργία van die ou verbond, 'n bediening wat tot 'n einde gekom het (9:2-10). Maar God het sy verbond nuut gemaak deur 'n tweede bediening daarvan te stuur, die volmaakte bediening: Jesus Christus "wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade" (9:11) en as "Middelaar van die nuwe verbond" (9:15).

(9) Samevattend oor Hebreërs 7-10

Heb 7 - 10 bevestig die volgende oor die verbond van God:

- 1.) Die nuwe verbond is nie 'n ander verbond as die ou verbond nie. Dit is wel 'n nuwe bediening van dieselfde verbond.
- 2.) Die ou bediening van die verbond het plaasgevind in skadubeelde wat God van die hemelse werklikheid van sy verbondsbeloftes gegee het.
- 3.) Die skadubeelde trek veral saam in die tabernakel, wat 'n Ou-Testamentiese toonbeeld was van God se teenwoordigheid in die midde van sy volk; ook in die liturgiese handeling van die Ou-Testamentiese offers, as toonbeeld van die volmaakte offer van Jesus Christus ter versoening van die sondes van die bondsvolk.
- 4.) Die nuwe bediening van die verbond vind plaas in Christus as volmaakte Hoëpriester. In Christus word God se teenwoordigheid werklikheid deurdat Hy as Verbondsmiddelaar direk toegang tot God het. In Hom word ons versoening met God werklikheid deurdat Hy die volmaakte en finale soenoffer vir ons sondes gebring het.
- 5.) Deur die Hoëpriesterlike werk van Jesus Christus word die verbondsbepalings des te kragtiger. God se beloftes is kragtiger omdat dit nou blywend in werking getree het. Ook sy verbondseise is kragtiger omdat hulle nou op soveel kragtiger beloftes berus. Maar ook sy verbondswraak word soveel kragtiger gestel, juis omdat die realisering van sy beloftes in Christus roep om 'n des te groter dankbaarheidslewe by die begunadigdes.

3.1.3 Hebreërs 12:24

" .. Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel."

" ... καὶ διαθήκης νέας μεσίτη Ἰησοῦ καὶ αἵματι ῥαντισμοῦ κρείττον λαλοῦντι παρὰ τὸν Ἄβελ."

⁴ L.W.: Die "eerste" en die "tweede" in vv. 2,3,8 verwys kennelik nie na die eerste/tweede verbond of die eerste/tweede bediening van die verbond nie. Dit verwys na die eerste deel van die tabernakel waarin die kandelaar en die toonbrode gestaan het, die Heilige (9:2) en die tweede deel van die tabernakel waarin die ark van die verbond gestaan het, die Allerheiligste (9:3).

Wat dadelik opval, is die feit dat die nuwe verbond hier nie 'n διαθήκη καινή genoem word nie, maar 'n διαθήκη νέα! Wat nou van die belangrike openbarings-historiese betekenis van die διαθήκη καινή? Het ons hier te doen met 'n afwyking van wat elders oor die verbond openbaar word?

Kommentatore bied verskillende verklarings vir die νέα in Heb 12:24 aan. Grosheide (1959:303) beskou dit as aanduiding van 'n testament wat kort gelede in werking getree het. Blass beskou νέας hier as blote wisselvorm vir καινής, en dat die skrywer dit gekies het slegs om stilistiese redes gekies het om die kwaliteitswisseling met die voorafgaande τετελειωμένων te benadruk. Die verklaring wat o.m. deur Moffatt (vgl. Grosheide, 1959:303) ondersteun word, is dat διαθήκη νέα op skitterende wyse aansluit by die verbondsprediking van Hebreërs 7-10. Hoe so?

Heb 12:22-24 is inderwaarheid 'n klimaks in die Hebreërpreek. Dit stel die heerlijkheid waarby die gelowiges kragtens God se verbond uitkom: *"Julle het gekom .."*

- a. *"... by die berg Sion en die hemelse Jerusalem ..."*, d.i. in die teenwoordigheid van God, volkome met Hom versoen (wat die kern van die verbond is) (v.22);
- b. *"... en by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes ..."*, d.i. in die volmaakte gemeenskap van verbondsvolk (in Christus is ons almal, soos eersgeborenes, erfgename van God se verbondsbeloftes) (v.23a);
- c. *"... en by God, die Regter van almal en by die geeste van die volmaakte regverdiges ..."*, d.i. voor die regterstoel van God waar ons, kragtens sy verbondsbeloftes, regverdig verklaar word (v. 23b);
- d. *"... en by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel."* Hiermee word gestel wat ons voor God se regterstoel te wagte was: die bloed van Abel getuig van die goddeloosheid van die mens waarvolgens ons die ewige verdoemenis sou beërwe. Maar die offerbloed van Christus getuig van beter dinge (Heb 9,10): van straf wat reeds gedra is, van versoening met God, van beërwing van die ewige lewe.

In 12:24 word dus nie, soos in Heb 7-10, 'n teenstelling tussen die ou en die nuwe bediening van die verbond gemaak nie, maar 'n teenstelling tussen

- die **ou verbondlose verhouding** van die sondearmens met God (nl. dié van veroordeelde voor die Regter, soos betuig deur die bloed van Abel) en
- die **totaal nuwe verhouding wat God se verbond reël** (nl. dié van versoendes in die offerbloed van Christus)⁵.

Hier word dus verwys na 'n totaal nuwe (νέος) en na nie 'n vernieude (καινός) verhouding nie.

Die verbond van God in sy geheel (volgens die ou sowel as die nuwe bediening daarvan) bring die mens dus in 'n geheel nuwe (νέος) verhouding met God, 'n verhouding van versoendes wat die ewige heerlijkheid beërwe. En van hierdie nuwe verhouding is Jesus Christus van begin tot einde (in die ou en die nuwe testament) die Verbondsmiddelaar. Hierdie boodskap van Heb 12:24 is in volkome harmonie met die res van die Skrifopenbaring oor die verbond!

3.1.4 Galasiërs 4:24

"Dit (d.w.s. Abraham se seun uit Hagar en sy seun uit Sara) is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde .."

".. ἅτινά ἐστιν ἀλληγορούμενα· αὗται γάρ εἰσιν δύο διαθήκαι .."

Weer eens lyk dit of hier 'n afwyking van die verbondsoopenbaring in 2 Kor 3 en Heb 7 - 10 is, aangesien Paulus hier uitdruklik na *twee verbonde* verwys. Maar ook hierdie Skrifdeel is in volkome samespraak met wat die Skrif elders oor die verbond leer.

⁵ Die bloed van Abel het geroep om verdelging van Kaïn; die bloed van Christus roep om gemeenskap met God. "Die punt van kontras hier is die bloed van Abel wat om wraak roep en goddelose uit die hemel uitsluit, en die bloed van Jesus wat die wraakgeroep stilmaak en die weg tot God open" (De Klerk, 1951:248).

Die perikoop Gal 4:20-31 sluit Paulus se betoog van Gal 3 - 4 af, waarin hy die dwaalleer van die Judaïste op kragtige wyse afwys. Die Judaïste het, soos die Jode, nie besef dat die Sinaïtiese wetgewing 'n eerste bediening van die genadeverbond was wat in Christus sy vervulling sou vind nie. Hulle het aan die wet vasgehou asof dit die finale openbaring van God se verbond was.

Daarom gebruik Paulus Sara en Hagar as sinnebeelde om te wys op die verskil tussen die ou (wets-)bediening van die verbond en die nuwe (Christus-)bediening van die verbond. "These two women, says Paul, are (that is represent) two covenants, two distinct affirmations of God's one and only covenant of grace" (Hendriksen, 1969:182).

Die kind wat Abraham by die slavin Hagar verwek het, getuig van kleingeloof (selfs ongeloof) dat God die beloofde nageslag op wonderbaarlike wyse uit die bejaarde Sara kan gee. Daarom is Ismael niks meer nie as kind van 'n slavin en gee God ook aan hom ander beloftes as die beloftes van sy verbond met Abraham (vgl. Gen. 16:10-12). Net so getuig 'n blote wetsbediening van die verbond, los van die beloofde Messias, van kleingeloof (selfs ongeloof) en loop dit uit op 'n ander verbond as dié wat God gegee het (vgl. 2 Kor 3), 'n verbond wat wel van die berg Sinaï afkomstig is, maar "wat vir die slawerny kinders baar" (Heb 4:24). Hierdie slawe-verbond word gevind by die "teenswoordige Jerusalem" (die Jode) en "haar kinders" (die Judaïste), wat met hulle verbondsbeskouing almal "saam in slawerny" beland (4:25). Hulle probeer die verbondsbeloftes deur wetsonderhouding realiseer, en daardeur maak hulle hulleself slawe van die wet. Trouens, juis daarom sal hulle, soos Hagar en haar seun, nie die beloftes van die verbond beërf nie (4:30).

Daarenteen was die verbond wat God met Abraham gesluit het, 'n bevestiging van die "Jerusalem daarbo" (Gal 4:26), 'n afskaduwing van die hemelse Jerusalem (vgl. Heb 8:1-6). Die hemelse Jerusalem "is vry", m.a.w. die ware verbond van God maak ons nie slawe nie maar bevry ons juis daarvan om deur eie wetsonderhouding die geregtigheid voor God te moet verdien. Die Jerusalem daarbo is ook "die moeder van ons almal" (Gal 4:26), m.a.w. ons almal - Ou- én die Nuwe-Testamentiese gelowiges - het aan hierdie een ware genadeverbond deel. In die Ou Testament is dit wel skaduagtig bedien, maar in die Nuwe Testament is dit in Christus vir ons almal geopenbaar: God maak ons vry! Aan hierdie belofte van bevryding wat Hy op wonderbaarlike wyse in Christus laat waar word het, moet ons net in ware geloof bly vashou!

Dit blyk dus dat die verbondsopenbaring in Gal 4:24 volkome eenstemmig is met dit wat ons in 2 Kor 3 en Heb 7 - 10 ontvang het.

3.1.5 Nuwe verbond by die instelling van die Nagmaal

- Matt 26:28; Mk 14:24: *"Dit is my bloed, die bloed van die (nuwe) verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."*
"τοῦτο γὰρ ἐστὶν τὸ αἷμα μου τῆς (καινῆς) διαθήκης .."
- Lk 22:20; 1 Kor 11:25 *"Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed wat vir julle uitgestort word."*
"Τοῦτο τὸ ποτήριον ἢ καινῆ διαθήκη ἐν τῷ αἵματί μου .."

In die lig van die verbondsopenbaring van 2 Kor 3, Heb 7 - 10 en Gal 4:24 is dit duidelik dat Jesus die beker by die nagmaal gee as simbool van die nuwe verbond ... , d.w.s. dat die verbondsbeloftes van God nou nie meer skaduagtig nie maar volkome en direk geopenbaar word (vgl. Heb 8); in die bloed van Christus ..., wat, in onderskeid met én ter vervulling van die offers van die ou verbond, eenmalig en finaal aan die kruis vir ons as offer gegee is (Heb 9 - 10); wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes: soos die offerbloed in die ou verbond oor die volk gesprinkel moes word om aan te toon dat hulle almal deel het aan die een offer, so het die Nuwe-Testamentiese verbondsvolk almal deel aan die een offer van Christus (Heb 9:13,14). As simbool hiervan gee Jesus dan die beker by die nagmaal en sê: *Drink almal daaruit*.

3.2 'n Definisie van die verbond

In die lig van bogenoemde kan ons ons aanvanklike definisie van die verbond (vgl. 1.7 hierbo) soos volg herformuleer:

God gee aan diegene wat Hy uit genade tot sy bondsvolk uitverkies sy ewige verbond waarin Hy onderneem om die persoonlike gemeenskap tussen Hom en sy volk te herstel deur die volkome soenoffer van sy Seun aan die kruis.

As antwoord hierop moet sy volk Hom in dankbare gehoorsaamheid dien.

Die verhouding tussen die ou en die nuwe verbond kan ons soos volg saamvat:

- Aan sy één genadeverbond het God in die Ou Testament gestalte gegee deur die bediening van die besnydenis, die pasga, die wet en die offer seremonies (soos dit by die tabernakel en die tempel bedien is).
- Hierdie bediening was 'n skadubeeld van die Nuwe-Testamentiese bediening van die verbond wat in Jesus Christus se koms, sy volmaakte gehoorsaamheid en finale soenoffer aan die kruis vervul is.

Wat die seremonies van die verbond betref, blyk dit dat die Ou-Testamentiese verbondsteken van die besnydenis oorgegaan het in die sakrament van die doop as teken en seël van die verbond en die Ou-Testamentiese offerseremonies in die sakrament van die nagmaal as teken en seël van die soenoffer van Christus aan die kruis.

4. VERBONDSOPENBARING IN CHRISTUS SE OPTREDE (Die Evangelies)

4.1 Primêre verband tussen Christus, koninkryk en verbond

In die Evangelies word uit die staanspoor aangedui dat daar 'n onlosmaaklike verband bestaan tussen die verbond en Jesus Christus. Matteus begin sy evangelie-beskrywing by die geslagsregister van Jesus Christus. Daarin trek hy dadelik en duidelik en direk die lyn van die verbond vanaf Christus terug tot op Abraham, die vader van die verbond:

Matt 1:1: *"Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham ..."* (vgl. ook 1:17).

Opvallend is dat die koningslyn (Dawid) en die verbondslin (Abraham) in een asem genoem word. Dit gee uit die staanspoor 'n aanduiding van die verband tussen koninkryk en verbond.

4.2 Die wegbereider en die verbond

Reeds by die aankondiging van die geboorte van die wegbereider gebruik die engel Gabriël besliste verbondstaal:

- ⇒ Lk 1:7,13: Die belofte van 'n kind aan twee kinderlose ou mense roep die belofte van 'n nageslag aan die bejaarde Abraham en Sara in herinnering.
- ⇒ Lk 1:17: *" .. om die ongehoorsames te bring tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei .. "*
- ⇒ In die lofsang van Sagaria word die verbond in soveel woorde genoem: Lk 1:72-73: *" .. om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink, aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien."* (die enigste plek in die Evangelies buiten die instellingsberig van die Nagmaal, waar uitdruklik na die verbond verwys word).

In beide bg. aanhalings is dit duidelik dat God Johannes as wegbereider stuur met die oog op die vervulling van sy OT verbondsbelofte: "Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees."

Hierdie kern van die verbond word ook later in die Doper se prediking teruggevind:

- (1) Johannes verkondig "die doop van bekering tot vergifnis van sondes" (Lk. 3:3). Die inhoud van sy prediking is dus verbondsmatig:
- Keer berouvol terug na God (= "om vir Hom 'n volk te wees") en
 - Hy sal versoening (vergifnis) vir julle sondes gee (= "Hy sal vir julle 'n God wees").
- Dit wat die OTiese offers uitgebeeld het ('n berouvolle sondaar en God wat versoening ter vergifnis van sondes gee) word dus nou deur die doop van Johannes uitgebeeld. Die boodskap is dieselfde; die simbool verskil egter. In Johannes se prediking sien ons dus reeds iets van die kontinuiteit van die verbond van die OT; maar terselfdertyd 'n diskontinuiteit.
- (2) Hierop bou Johannes verder voort deur aan te dui dat wat God aan Abraham se nageslag toegesê het, nie maar vir die vleeslike kinders van Abraham geld nie maar inderwaarheid vir geestelike kinders van Abraham. Lk 3:8:
"Moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek."
 Hiermee gee Johannes ook 'n vooruitskouing van die universele karakter van sy verbond, m.a.w. as die vleeslike Israel weier om die geestelike Israel te word, sal God vir Hom 'n ander "geestelike Israel", wat al die nasies omvat, verwek.
- (3) Origens handhaaf Johannes die OTiese verbondsprediking van God se beloftes van verlossing vir die ware gelowiges en van wraak vir die verbondsbreker. Matt 3:12:
"Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf wsal Hy met onuitbluslike vuur verbrand."

4.3 Die geboorte-aankondiging en geboorte van Jesus

- 4.3.1 Die **geboorte-aankondiging aan Josef** stel ook die vervulling van Gods verbondsbeloftes in vooruitsig:
- ⇒ Matt 1:21: *"Jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."* "Verlossing van die volk" is, soos aangetoon, in die OT besliste verbondsterme.
 - ⇒ Matt 1:23: *"Hulle sal Hom Immanuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons."*
 Die "God-met-ons" benaming is enersyds 'n verwysing na die Koninkryk Gods wat in Christus deurbreek (vgl. die betekenis van die begrip εὐαγγέλιον); andersyds 'n verwysing na die "Ek sal vir julle 'n God wees"-element van die OT verbond.
- 4.3.2 In die **lofsang van Maria** word die band met die OT verbond feitlik in soveel woorde gelê:
- ⇒ Lk 1:50: *"Sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees"* (vgl. Eks. 20:6).
 - ⇒ Lk 1:54-55: *"Hy het sy kneg Israel bygestaan, sodat Hy aan sy barmhartigheid sou dink - soos Hy tot ons vaders gespreek het - aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid."*
 God se barmhartigheid word in Maria se lofsang benadruk as kenmerkend van God se verbondshandeling met Abraham se nageslag.
- 4.3.3 Die **engeleboodskap aan die herders** (Lk 2:8-14) is bekend vir 'n rykdom van koninkryks-terme. Tog bevat dit ook besliste verbondsbegrippe:
- ⇒ Lk 2:10: *"Kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees."*
 Soos later blyk, is "die hele volk" nie almal wat tot die etniese Israel behoort nie, maar die ware Israel, hulle wat aan die Here se verbondseis van die geloof vashou.
 - ⇒ Lk 2:14: *".. vrede op aarde, in die mense van sy welbehae!"*
 Die vredesaankondiging moet gesien word as 'n vervulling van God se "vredeverbond" (Jes. 54:10) wat ook in Maleagi 2:5 aangekondig is: "My verbond met hom was die lewe en die vrede." Weer eens hou die ware vrede verband met die versoening met God wat Christus vir die mens sou bewerk.
 Verder word aangekondig dat God sy vrede gee aan die mense van sy welbehae (ἀνθρώποις εὐδοκίας), d.w.s. diegene wat God volgens sy soewereine wil daartoe uitverkies. Hiermee kom die verband tussen verbond en uitverkiesing, wat in die OT so duidelik geblyk het (vgl. 2.1(2) hierbo), opnuut na vore.

4.3.4 Dit is opvallend dat Lukas van beide die wegbereider en van Jesus self uitdruklik vermeld dat hulle op die agtste dag besny is (1:59; 2:21-24). Daarmee is die teken van die verbond volgens die bepaling van die Mosaïese wet by hulle aangebring (Gen. 17:12). In die Doper se geval het sy besnydenis die bedoelde betekenis gehad, aangesien hy 'n sondaarmens was. Vir Jesus was die besnydenis egter nie 'n saak soos vir ander mense nie. Hy was immers sonder sonde. Van Hom hoef daar niks weggesny te word nie, nie eens simbolies nie. Tog was dit noodsaaklik dat Jesus besny word, om daarmee te bevestig dat Hy die sondeskuld van sy volk vrywillig op Hom neem (Flp 2:7).

4.4 Die prediking van Jesus

Nêrens in sy prediking verwys Jesus uitdruklik na die verbond nie. Tog is daar gewigtige getuienis dat Hy wel by die verbond aansluiting vind. Onder meer die volgende is van belang:

4.4.1 Christus die vervulling van die verbond

4.4.1.1 In die bergrede verkondig Jesus dat die ou en nuwe verbond in sy persoon saamsluit: *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet en die profete te ontbind nie. Ek het gekom om dit te ontbind nie, maar om dit te vervul"* (Matt 5:17).

God se verbond is ewig. Die ou verbond het nie verval nie maar het slegs sy volle betekenis in die nuwe verbond gekry (vgl. die 1983-AV).

4.4.1.2 Hierdie woorde van Jesus sluit aan by die herhaalde versekerings in die Evangelies (veral Matteus) dat wat Jesus gedoen het of wat met Hom gebeur het, 'n vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë was (bv. Matt 8:17).

4.4.1.3 Jesus se laaste woorde aan die kruis getuig dat sy lyding en dood aan die kruis die vervulling was van die soenoffer vir ons sondes wat God in sy verbond beloof het. Jh 19:30: *"Dit is volbring."*

4.4.2 Die ou bediening van die verbond maak plek vir 'n nuwe

Op die vraag waarom Hy en sy dissipels nie vas nie, antwoord Jesus (Matt 9:15-17): *"Kan die bruilofsgaste dan treur solank die bruidegom by hulle is? ... Niemand sit 'n nuwe stuk lap op 'n ou kleed nie; want die aangelapte stuk skeur van die kleed af en daar kom 'n erger skeur. 'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou leersakke nie; anders bars die sakke en die wyn loop uit die sakke en vergaan. Maar 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en altwee bly behoue."*

Hiermee maak Hy dit duidelik: Met sy koms (die bruidegom) het die nuwe bediening van die verbond aangebreek. Die nuwe verbond vind gestalte in 'n nuwe bediening van die verbond en kom nie in die vorme van die ou bediening (bv. die vas) nie.

4.4.3 Die verbondsvolk universeel

Die oorgang van die ou na die nuwe verbond is ook 'n oorgang van Israel as die verbondsvolk na 'n universele verbondsvolk. Hiervan getuig die volgende

4.4.3.1 In Matt 10:6 stuur Jesus die dissipels uit met die opdrag: *".. gaan na die verlore skape van die huis van Israel"* en in 15:24 sê Hy vir die Kananese vrou: *"Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel."* Hiermee dui Hy aan dat die ou verbond met Israel die vertrekpunt is van die bediening van die nuwe verbond.

4.4.3.2 Dat die nuwe verbond egter van Israel af uitgaan na die nasies om hulle in 'n universele verbondsvolk in te sluit, blyk uit Jh 10:16: *"Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder."*

4.4.3.3 In die gelykenis van die arbeiders wat op verskillende tye gehuur is (Matt 20:1-16) wys Jesus daarop dat God, hoewel hy in die ou verbond aan Israel 'n besondere plek as verbondsvolk gegee het, in sy vrymag later ander aan ander volke plek gee in sy verbonds-

volk, veral aangesien Israel Christus as die nuwe en volmaakte Bedienaar van die verbond verwerp het.

4.4.3.4 Die universele karakter van die Nuwe-Testamentiese verbondsvolk word in Jesus se laaste opdrag aan sy dissipels bevestig (Matt 28:19): *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ..."*

4.4.3.5 Die universele karakter van die verbondsvolk sal ook in die eindoordeel sigbaar wees. In sy profetiese rede beskryf Jesus verskyning van God se uitverkore bondsvolk voor sy regterstoel (Matt 25:32): *"... en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei ..."*

4.4.4 Bekeer en glo

In die Ou Testament reeds het dit duidelik geblyk dat die volk nie bloot identies met die fisiese afstammeling van Abraham, met die histories-etniese Israel, is nie. Die ware Godsvolk is hulle wat in God se beloftes glo, volgens die geloofseis waarmee Abraham en sy hele nageslag gekonfronteer is, Gen. 15:6: *"Abraham het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken."*

Streng gesproke is elke Nuwe-Testamentiese oproep tot geloof dus in wese 'n verbondsroep (bv. Joh. 20:31). In Jesus se prediking hoor 'n mens dan ook telkens, byna soos 'n refrein, sy verbondswoord aan 'n begenadigde sondaar: *"Jou geloof het jou gered"* (bv. Matt 9:22; Mk 5:34; 10:52; Lk 7:50; 8:48; 17:19; 18:42).

4.4.5 Herstel van God se persoonlike gemeenskap

4.4.5.1 In Jesus se laaste woorde aan sy dissipels (Matt 28:20) kom die kern van God se verbondsbefoorte weer na vore: *"Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."*

4.4.5.2 Dat God sy persoonlike gemeenskap met sy volk na Jesus se hemelvaart in die teenwoordigheid van die Heilige Gees sou voortsit, belowe Jesus in sy laaste onderwys (Joh 14:16): *"Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly in ewigheid ... Hy sal by julle bly en in julle wees."*

4.4.6 Erfgename van die verbondsbefoortes

Op verskeie plekke verwys Jesus na die gelowiges wat die koninkryk van God sal beërwe, bv. Matt 25:34: *"Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af."*

Hiermee word direk aangesluit by die wese van die διαθήκη as 'n testament met erfgename. Boonop word bevestig dat die nuwe verbond uit die oue kom, want die erfdeel wat daarin vervat is, is "voor die grondlegging van die wêreld" vasgestel!

4.4.7 Verbond en uitverkiesing

In Matt 25:32 beskryf Jesus die uitverkiesende karakter van God se verbond met die beeld van skape en bokke wat van mekaar afgeskei word. In 25:34 beklemtoon Hy dit verder deur te sê dat die koninkryk vir hulle "van die grondlegging van die wêreld af" berei is. In Ef 1:4 word hierdie woorde direk met die uitverkiesing in verband gebring: *"Hy het ons in Christus uitverkies voor die grondlegging van die wêreld."*

4.4.8 Die sakramente as seremonies van die nuwe verbond

4.4.8.1 By die instelling van die nagmaal sê Jesus in soveel woorde dat dit teken en seël van die nuwe verbond in sy bloed is. Vgl. hieroor 3.1.5 hierbo. Die feit dat Hy die Nagmaal juis by geleentheid van die Pasgavering instel, bevestig:

- a. dat die nagmaal 'n verbondsmaaltyd is;
- b. dat die bloed van die paaslam vervulling vind in die bloed van Christus aan die kruis;
- c. dat die verlossing uit die slawerny van Egipte vervulling vind in die verlossing uit die slawerny van die sonde;
- d. dat die ou verbond soos onder meer bedien in die seremonie van die pasga, nuut gemaak word in die bediening van Christus, soos onder meer uitgebeeld word in die sakrament van die Nagmaal.

4.4.8.2 Self het Jesus nie gedoop nie, maar in sy laaste woorde aan die apostels gee Hy die opdrag: *"Gaan dan heen maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ..."*

Die Trinitariese doopformule is bevestiging van

- a. die Vader se verbondsbeloftes wat aan die dopeling gegee word,
- b. die Seun se kruisoffer wat die sondes van die dopeling wegneem,
- c. die inwoning van die Heilige Gees deur wie God, volgens sy verbondsbelofte, persoonlik by ons sal wees en met ons gemeenskap sal hê.

As verbondsteken en seël bevestig die doop ook die verantwoordelikheid van die bondeling om as deel van die nuwe Godsvolk dankbare gehoorsaamheid aan God te bewys. Daarom: *"... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*

5. DIE UITBREIDING VAN DIE VERBONDSVOLK (Handelinge)

5.1 Belofte

Die boek Handelinge begin dadelik met dit wat van die begin af kenmerkend van die verbond was, nl. die belofte van God en die eis aan die begenadigdes.

⇒ Hd 1:4: *"Hy het hulle bevel gegee om te wag op die belofte van die Vader ..."* Hierdie belofte is die gawe van die Gees, wat kort daarna oor hulle uitgestort is.

⇒ Hd 1:11: Nadat Jesus na die hemel opgevaar het, kom die volgende beloftewoord van die Vader deur die mond van die twee manne in wit klere: *"Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."* God se verbondsbelofte van persoonlike gemeenskap met sy volk het dus ook 'n eskatologiese vervullingsmoment.

5.2 Uitstorting van die Heilige Gees

Die uitstorting van die Heilige Gees was dié Nuwe-Testamentiese vervulling van God se belofte van persoonlike inwoning by sy volk. Dit word bevestig in Petrus se toespraak in Hd 2:14vv. waarin hy aantoon dat die Pinkstergebeure vervulling is van die beloftes wat God reeds in die ou verbond by monde van die profete gemaak het, net soos Jesus se kruis en opstanding vervulling van die beloftes van die Ou Testament was.

Die Heilige Gees is die eerstelinggawe (ἀπαρχή), die waarborg (ἀρραβών) van die volle "God met ons"-belofte. Vgl. in Hierdie verband J.C. Coetzee se *Kermotiewe in die Godsopenbaring van die Nuwe Testament*.

5.3 Belofte en nageslag

Waar Jesus in sy prediking die oorgang van die Ou- na die Nuwe-Testamentiese (universele) verbondsvolk bekendgemaak het, sien ons in die prediking en optrede van sy apostels dat God ook by die Nuwe-Testamentiese sy beloftes nie maar net aan individue gee nie, maar aan hulle en hulle nageslag.

5.3.1 Aan die eerste bekeerlinge by Pinkster sê Petrus: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus ... Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here ons God na Hom toe sal roep"* (Hand 2:38,39).

5.3.2 Wanneer die tronkbewaarder van Filippi tot geloof kom, sê Paulus vir hom: "*Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.*" Toe het Paulus hom gedoop, hom en al sy mense (Hd 16:32,33).

5.4 Die Nuwe-Testamentiese Godsvolk

- 5.4.1 God se verbondsbepaling "*Julle sal vir My 'n volk wees*" (Lev. 26:12) word in Handeling 1:8 ("*Julle sal my getuies wees ... tot aan die uiterstes van die aarde*") stel reeds die universele karakter van die nuwe Godsvolk.
- 5.4.2 In die ou verbond het God soms individue deel van sy volk gemaak deur hulle by die histories-etniese Israel in te lyf, bv. Rut. Die versameling van die Godsvolk in die ou verbond was dus 'n middelpuntsoekende krag. Die taalwonder by Pinkster dui egter aan dat God sy volk in die nuwe verbond nou anders versamel. Elkeen hoor die Evangelie in sy eie taal. Nou hoef die nasies nie meer na Israel te stroom om deel te word van die Godsvolk nie, maar vanuit Israel stuur God die Evangelie na die nasies toe. Dus 'n middelpuntvlietende krag: vanuit Israel na die nasies.
- 5.4.3 Hierdie beweging (vanuit Israel na die nasies) word bevestig in Jesus se laaste opdrag aan die apostels: "*Julle sal my getuies wees in Jerusalem ... tot aan die uiterstes van die aarde.*" Die uitwaartse groei van die nuwe Godsvolk word sigbaar in die eerste gelowiges in Samaria (Hand 8) en die hoofman Cornelius en sy gesin as die eerste gelowiges uit die heidene (Hand 10).
- 5.4.4 Wanneer die apostels in Jerusalem saamkom om dit uit te maak dat dit nie meer vir die gelowiges nodig is om die besnydenis en die Mosaïese wette te onderhou nie, neem Jakobus die woord (Hand 15:13vv.): "*God het in die begin uitgesien om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: Daarna sal Ek terugkom en die vervalte hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is ...*" Weer eens: Die verbondsvolk word in die nuwe verbond uitgebrei om ook gelowiges van die nasies in te sluit.
- 5.4.5 Daarom kan die apostel Petrus vir die gelowiges uit die heidene sê: "*Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry ...*" (1 Pet 2:9).

6. VERBONDSOPENBARING BY DIE VOLEINDING (Openbaring)

6.1 Die uitverkore Godsvolk

- 6.1.1 In Openbaring blyk dit duidelik dat God se aanvanklike verbondsbepaling van 'n groot Godsvolk eers in die voleinding volle vervulling bereik. Die universele karakter van die Godsvolk van die nuwe verbond word bevestig in Opb 5:9: "*U het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie.*"
- 6.1.2 Die Godsvolk in die voleinding sluit in die Godsvolk van die ou en die nuwe verbond. Die 24 ouderlinge van Opb 4:4 is bevestiging hiervan: die getal 24 is simbolies van die 12 stamme van Israel (die ou verbondsvolk) en die 12 apostels (die nuwe verbondsvolk), saam verenig tot die sinnebeeldige 24 ouderlinge. 'n Verdere simboliese getal is dié van die 144 000 wat op die berg Sion versamel is met die Naam van die Lam en die Vader op hulle voorhoofde (14:1). God vergader sy uitverkorenes deur die verkondiging van die evangelie "*aan alle nasies en stamme en tale en volke*" (14:6).
- 6.1.3 In die voleinding word die uitverkorenes op die nuwe aarde onder die nuwe hemel byeengebring in God se teenwoordigheid om sy volk te wees (Opb 21:3). Selfs daar in die Godstad sal die universele aard van die Godsvolk na vore kom ter verheerliking van God.

Opb 21:24: "En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin."

6.2 Vervulde beloftes van verbondsgenade en verbondswraak

- 6.2.1 Die enigste eksplisiete verwysing na die verbond (διαθήκη) in Openbaring kom voor in 11:19: "En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in die tempel gesien ..." (καὶ ὤφθη ὁ κιβωτὸς τῆς διαθήκης ἐν τῷ ναῷ αὐτοῦ). Hierdie visioen bring ons uiteindelik uit by die hemelse tempel (tabernakel) waarvan Hebreërs 8:6 in skadu-terme gepraat het. Die ark in die tempel was in die Ou Testament simbool van die kern van die verbond: die Immanuel-belofte dat God in die midde van sy volk teenwoordig is. Openbaring 11:19 gee op 'n ander manier blyke van God se almagtige en glorieryke teenwoordigheid: "en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael" (vgl. ook Opb 4:5).
- 6.2.2 Veral belangrik in Openbaring 11 is die lofprysing wat deur die 24 ouderlinge uitgespreek word (11:17-18). Hierdie lofprysing getuig van die twee kante van God se verbondsbeloftes: enersyds beloftes van genadeloon aan God se diensknegte, die gelowiges (18b); andersyds beloftes van verbondswraak op die verbondsbrekers, die verderwers van die aarde (18a, 18c). Uit die staanspoor het God bekendgemaak dat die verbond hierdie twee kante het. Vergelyk bv. God se beloftes aan Abraham (afd 2.2.1.2(2) en 2.3(3)), die prediking van Joh die Doper (afd 4.2(3) en Jesus se profetiese rede (afd 4.4.3.5).
- 6.2.3 God se wraak op die verbondswrekers word hervat in die tweede tempelgesig van Opb 15:1-8. Hierdie keer kom die sewe engele uit die tempel met die sewe bakke wat vol van die grimmigheid van God is, gereed om die bakke oor die aarde uit te giet.

6.3 God met ons

- 6.3.1 Die sentrale verbondsbelofte aan Abraham dat God na sy volk sal terugkeer en persoonlike verbondsgemeenskap met hulle sal hê ("Ek sal vir jou 'n God wees"), wat met die koms van Jesus Christus in vervulling gegaan het en met die uitstorting van die Heilige Gees in die lewe van die uitverkore Godsvolk gerealiseer het, vind by die voleinding 'n eskatologiese vervullingshoogtepunt. Hiervan is daar duidelike blyke in die boek Openbaring.
- 6.3.2 Die belofte van die wederkoms van Christus (Hand 1:11) word in Opb 1:7 weer as vertrekpunt gestel: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het ... Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige." Hierdie belofte word herhaal in Opb 22:12,20: "Kyk, Ek kom gou", en vorm ook die verbondsroep van die kerk in Opb 22:17,20: "Kom, Here Jesus!"
- 6.3.3 Die gesig van die nuwe hemel en nuwe aarde in Opb 21 openbaar dat in die eindgebeure die hemelse tabernakel (Heb 8) en die hemelse Jerusalem (Gal 4) uiteindelik volkome en volledig op aarde sal neerdaal. Daarmee kom woon God, volgens sy verbondsbelofte, finaal persoonlik teenwoordig in die midde van sy volk: "Kyk die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees, en God sal self by hulle wees as hulle God." Hiermee het God se verbond volledig en volmaak in vervulling gegaan.

7. GERAADPLEEGTE WERKE

AALDERS, G.Ch. 1939. Het verbond Gods; een hoofstuk uit de Geschiedenis der Openbaring. Kampen: Kok. 224pp.

DE KLERK, P.J.S. 1943. Kerk en Verbond. Die Verkennerreeks, no. 6. Stellenbosch: Pro Ecclesia. 65pp.

- DE KLERK, P.J.S. 1951. Die brief aan die Hebreërs. Kommentaar op die Bybel, band X. Pretoria: Van Schaik. 272p.
- DE VUYST, J. 1964. "Oud en Nieuw Verbond" in de brief aan de Hebreëën. Kampen: Kok. 268pp.
- GREIJ DANUS, S. De Brief van de apostel Paulus aan de Galaten. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok. 157p.
- GROSHEIDE, F.W. 1959. Het brief aan die Hebreëën. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
- HENDRIKSEN, W. 1969. A Commentary on Galatians. Londen: The Banner of Truth Trust.
- HENDRIKSEN, W.H. 1978. The covenant of grace. Grand Rapids: Baker. 76pp.
- KERN, H. 1876. Calvijn over het Genadeverbond. 's Gravenhage: Beschoor. 144pp.
- RIDDERBOS, H.N. 1970. The Epistle of Paul to the Churches of Galatia. The New International Commentary on the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans. 238p.
- SPIER, H.J. 1945. Kerkopbouw - de taak der eenvoudigen. I: Het mysterie van Gods verbond. Groningen: Niemeijers. 51pp.
- VAN DER ZANDEN, L. De Verbondsgedachte. Kampen: Kok. 120pp.
- VOS, G. 1939. De Verbondsl eer in de Gereformeerde Theologie. Rotterdam: Mazijk. 71pp.